# DIE SKIETLOOD

176ste Uitgawe 13 Maart 2020
saam met Koersvas 176

## Die Dordtse Leerreëls

**Die Remonstransie.**

Enige historiese beskrywing van die aanloop tot die Dordtse leerreëls moet ook die Remonstransie stel. Die Remonstransie is die dokument wat die Remonstrante aan die State-Generaal in 1610 aangebied het. In hierdie dokument word die hoofpunte van die (later bekend as) Armenianisme gestel.

Die oorsprong van die kontrovers het sy oorsprong gevind in 'n weerstand teen 'n leerstuk wat absolute dekrete stel, en oorbeweeg (inhoudelik) na 'n stryd oor antropologie en soteriologie. Anders gestel: Arminius en sy geesgenote het geen aanklank gevind by enige dogma wat sake in onveranderlike en ewig-geldende terme stel nie. Dit was veral op een gebied waar hulle 'n probleem gehad het met sake in absolute terme stel. Hierdie saak het die hart van die Evangelie-verkondiging geraak. Dit het tot gevolg gehad dat hulle anders gedink het oor die mens en redding as wat die Calvinistiese sisteem voorgestel het.

Die twee groepe se standpunte word ook genoem supralapsarisme en infralapsarisme. Supralapsarisme - gehandhaaf deur die Calvinisme, stel dat diegene wat gered gaan word, van ewigheid deur God uitverkies is, met ander woorde voor (supra) die sondeval. Infralapsarisme[1] (ook genoem antelapsarisme) - gehandhaaf deur Armenianisme, stel dat die mense wat gered word na die sondeval uitverkies word. Die Remonstrante het op vyf punte afgewyk van die denke wat geheers het in die Calvinistiese Nederlande. Hulle het anders gedink oor predestinasie, die omvang van versoening, die aard van geloof, die moontlikheid van genade weerstaan, en die volharding van gelowiges. Die Remonstrante was oortuig dat die sake wat hulle aangeroer het, nie in die Skrif óf die Heidelbergse kategismus genoem word nie, en ook nie opbouend vir Christene is nie.

In die Remonstransie word daar eers negatief en daarna positief geformuleer. Eers word die vyf Calvinistiese standpunte verwerp, en daarna word die vyf Armeniaanse stellings positief aangebied. Die Remonstransie se negatiewe en positiewe inhoud word nou (vry vertaal) aangebied, sonder enige bespreking; die bespreking volg by die kommentaar van die Dordtse leerreëls.

Die volgende vyf leerstukke word verwerp:

1. Dat God voor die skepping en met ander woorde voor die sondeval - by wyse van onveranderlike wilsdekreet - sekere mense tot ewige saligheid en ander tot ewige verdoemenis beskik het. Dit is gedoen sonder om geregtigheid of sonde in ag te neem, sonder om ag te slaan op gehoorsaam of ongehoorsaam. Dit is gedoen omdat dit God so behaag

[1] Volgens WAT: Opvatting van die Gereformeerde predestinasieleer, waarvolgens die raadsbesluit van God tot verkiesing en verwerping van die mens logies (en nie tydelik nie) gevolg het op sy besluit tot (toelating van) die sondeval, dat die mens dus as gevalle gedagte mens voorwerp van Gods uitverkiesende genade is;

het, omdat God op die manier Sy geregtigheid aan die een groep gewys het, en Sy genade aan die ander groep.

2. Dat God - met die sondeval in die visier - in regverdige oordeel van ons eerste ouers en hulle nageslagte, tog besluit het om 'n gedeelte van die mensdom vry te verklaar ten opsigte van die gevolge van die sondeval en hulle deur Sy vrye genade te red. Die res van die mensdom, ongeag ouderdom of morele stoffasie, het God besluit om oor te laat aan hulle noodwendige verdoemenis, om so geregtigheid te laat seëvier.
3. Dat Christus vir die uitverkorenes gesterf het, nie vir alle mense nie.
4. Dat die Heilige Gees onweerstaanbaar werk in die harte van die uitverkorenes, sodat hulle tot bekering moet kom en gered word. Dat die genade wat genoegsaam en noodsaaklik is vir bekering, saam met geloof en redding, weerhou word van die res van die mensdom, dit alles terwyl die mense uiterlik geroep en uitgenooi word deur die geopenbaarde wil van God.
5. Dat diegene wat hierdie onweerstaanbare genade ontvang het, dit nooit finaal en totaal kan verloor nie. Hulle word deur die genade bewaar en gelei tot die einde toe.

Aan die ander kant stel die Remonstrasie vyf artikels by wyse van positiewe formulering:

*Artikel 1 - Voorwaardelike predestinasie*

Dat God, deur onveranderbare en ewige doelmatigheid in Jesus Christus, reeds voor die skepping van die wêreld, bepaal het om uit die verlore sondige mensdom, in Christus, om Sy onthalwe en deur Hom sekere mense te red naamlik diegene wat deur die werking van die Heilige Gees, sal glo in Sy Seun Jesus Christus. Hierdie gelowiges sal tot die einde toe in gehoorsaamheid volhard in hierdie geloof. Aan die ander kant sal die ongehoorsames en sondaars in hulle sonde en onder die toorn van God gelos word.

Met ander woorde: God het van ewigheid af onveranderlik beslis dat diegene gered sal word wat deur die genade van die Heilige Gees, glo in Jesus Christus en deur dieselfde genade tot die einde toe volhard in gehoorsaamheid. Aan die ander kant het God besluit om ongelowiges en onbekeerdes te verdoem (Johannes 3:36) Dit kom daarop neer dat uitverkiesing en verwerping (verdoemenis) bepaal word deur voorkennis en word afhanklik gemaak van die geloof of ongeloof wat vooruitgesien word.

***Artikel 2 - Universele versoening***

Jesus Christus is verlosser van die hele wêreld, Hy het daartoe ingestem om vir alle mense en vir elke mens te sterf. So het Hy vir alle mense, deur Sy dood aan die Kruis, verlossing en vergifnis van sonde bewerkstellig. Tog geniet nie almal hierdie vergifnis nie, net die mense wat glo - soos daar in die Skrif staan in Johannes 3:16 "*God het die wêreld so liefgehad dat Hy sy enigste Seun gegee het, sodat dié wat in Hom glo, nie verlore sal gaan nie maar die ewige lewe sal hê*." In 1 Johannes 2:2 lees ons ook: " *Hy is die versoening vir ons*

*sondes; en nie net vir óns sondes nie, maar ook vir dié van die hele wêreld*."
*Met ander woorde*: Sy genade word aan almal aangebied. Jesus Christus se versoenende offer is op sigself genoegsaam om die hele wêreld te red en is deur God die Vader vir almal bedoel. Die inherente algenoegsaamheid van die genade impliseer nie noodwendig werklike effektiwiteit en toepassing nie. God se genade kan weerstaan word. Net die wat God se genade deur geloof aanvaar, word gered. Wie ookal verlore gaan, is uit eie skuld verlore. Die Armenianisme stem met ander woorde - in teenstelling met die *Socianisme (*anti-trinitariese leringe wat die dogma van die plaasvervangende dood van Jesus verwerp*)* - saam met die Calvinistiese leer van plaasvervangende versoening.

*Artikel 3 - Reddende geloof*

Die mensdom het op sigself nie die reddende genade of die energie, of die vrye wil nie in soverre hy weens die toestand van sonde en verval waarin hy bestaan, nie by magte is om iets goeds te doen of te dink nie. Die mens moet in Christus weer gebore word deur die Heilige Gees en dan in wil, neiging en krag hernu kan word sodat hy die goeie kan doen soos God dit wil. Ons lees in Johannes 15:5 "*Ek is die wingerdstok, julle die lote. Wie in My bly en Ek in hom, dra baie vrugte, want sonder My kan julle niks doen nie*."
Met ander woorde: Die mens is in sy gevalle toestand nie in staat om iets te bereik wat werklik goed is nie. Dit beteken dat die mens nie 'n geloof wat red kan behaal nie, tensy hy deur God hernu word in Christus deur die Heilige Gees.

*Artikel 4 -Weerstaanbare genade*

Hierdie genade van God is die begin, voortsetting en eindpunt van alles wat goed is, tot so 'n mate dat die mens wat hernu is, niks goed kan dink, doen of kwaad weerstaan sonder hierdie voorafgaande, helpende, wekkende en samewerkende genade nie. Dit kom daarop neer dat alle goeie dade aan die genade van God in Christus toegeskryf moet word. Hierdie genade is nie onweerstaanbaar nie omdat ons uit Handelinge 7 leer dat sekere mense die werking van die Heilige Gees weerstaan het.
Met ander woorde: Genade omvat ons geestelike lewe, van begin tot einde. Die mens kan nie goed doen of die bose weerstaan, sonder hierdie begeleidende, samewerkende en helpende genade nie. Wat die samewerking betref moet ons daarop let dat die genade nie onweerstaanbaar is nie, baie mense het al die Heilige Gees weerstaan.

*Artikel 5 - Onsekerheid oor volharding*

Vir diegene wat ten volle in Christus ingelyf is deur ware geloof - en derhalwe Sy lewe-gewende Gees deelagtig geword het - is dit moontlik om met alle mag teen die Satan-, teen sonde-, die wêreld- en eie vlees te veg en te wen. Ons moet net verstaan dat dit altyd gebeur deur die Heilige Gees se genade bystand, en dat Christus ons deur Sy Gees bystaan in alle versoeking, hy reik ons die hand. Indien ons reg is vir die stryd, Sy hulp begeer en nie onaktief is nie, verhoed Hy dat ons val sodat ons

nie deur Satan of enige mag uit Christus se hand geruk kan word nie vergelyk Johannes 10:28 " *Ek gee hulle die ewige lewe, en hulle sal in alle ewigheid nooit verlore gaan nie. Niemand sal hulle uit my hand ruk nie."* Dit is nog nie uit die Skrif bewys dat genade ontvang, nooit verloor kan word nie, dit is moontlik vir mense om dalk weg te draai van Jesus, terug na die bose wêreld toe.

Met ander woorde; Genade is genoegsaam om die getroues in genade behoue te laat lewe te midde van al die aanvegtinge van die lewe. Tog lyk dit asof mense weer in ongeloof kan verval.

Enkele opmerkings

Die volgelinge van Arminius het verder gegaan en geleer dat dit moontlik is vir gelowiges om totaal en al verlore te gaan. Hulle gebruik Salomo en Judas as voorbeelde van mense wat uit die kokon van genade geval het. Die Remonstrante het daarop aangedring dat geen mens met sekerheid kan praat oor sy eie saligheid nie, anders as na aanleiding van 'n spesiale openbaring.

Die Remonstrasie pretendeer om in lyn met die Skrif te wees en pleit vir geduld en begrip.

Volgende keer die begin van die bespreking van die antwoord soos geformuleer te Dortrecht.